Almal wag in spanning op 13 Januarie 2009. "Wie het die meeste boekies verkoop?".

Benji Hentzen is 6de en hy het 'n Mini-Hifi gewen.
Bianca Gouws is 5de en sy het 'n Mini-Hifi gewen.
Melissa le Roux is 4de en sy het 'n Mini-Hifi gewen.
Welmien Horn is 3de en sy het 'n "LG 54cm. Flatron TV" gewen.
Jarick Janse v. Rensburg is 2de en hy het 'n "Sony PS2 bundle" gewen.
Sammy Nortje is 1ste en sy het die groot "Fourwheeler" gewen.

Deur: Melicia Muller

Kameelresies 2009:

Droogte, Sand, Dors. . . Dis die woorde wat deur jou gedagtes gaan wanneer jy aan KAMELE dink. Dit was egter nie wat by Laerskool AG Visser se Kameelkarnaval gebeur het nie. Op 7 Maart 2009 is daar deelgeneem aan verskeie kameelresies. Die borge het hul verteenwoordigers vir die verskillende wedrenne aangewys en daar is groot planne gesmee en raad uitgedeel. Die jokkies het geweet dat daar groot pryse op spel is en elkeen het (O, Ja!!!) sy bes gedoen !!!!!!!!!!!!!

Die wedrenne het bloed deur die are laat pomp van deelnemer tot toeskouer. Baie dankie aan Vissies se lojale Borge wat die wedrenne moontlik gemaak het!!!!!!! **Deur: Velmé Havenga**

KAMEELKARNAVAL

Louis Pepler, beter bekend as Bok van Blerk het 5 Maart by A.G. Visser opgetree. Die gehoor is vermaak met sy beste treffers en De La Rey het behoorlik deur Heidelberg weergalm toe almal op aandag saam gesing het. Pouse was die groot trekking en 'n rugbybal geteken deur Kobus Wiese, 'n springbok rugbytrui en 'n egte bokleer handsak was 'n voorsmakie vir die skaap wat te wen was. "Tyd om te trek" n liedjie op sy nuwe CD is volgens Bok sy gunsteling. Bok sing al vandat hy 3 jaar oud is en het self in Laerskool Menlopark se koor gesing, waar hy al begin droom het om eendag 'n rock ster te wees. Johan Vorster, 'n oudleerling van A.G.Visser het saam met Shaun Els en Bok al die groot treffers soos De La Rey, Ons vir jou Suid Afrika ens. geskryf. Sakkie, Bok se hond bly saam met hom op Bok se plaas, maar Bok is besig om dorp toe te trek. Bok is nie net 'n bok vir sports nie, maar hou ook van kos maak. Sy gunsteling kos is biefstuk, hoender en veral skaapafval. As hy tyd kry vir TV, kyk hy graag MK, Discovery of Top Gear. Bok is in 2006 ontdek maar eers nadat hy konstruksiebestuur gestudeer het. Bok was 'n kranige rugbyspeler en het in die Laerskool vir die 1ste span gespeel. Louis se toekoms planne is om sy held, Mandela te ontmoet en na sy aftrede wil hy graag net gaan visvang in Botswana. Vir die wat hul eie "band" wil begin is Bok se raad: "Ken julle instrument. Oefen soveel as moontlik al is dit selfs deur die nag, totdat die bure begin kla . . ." Henry Galloway